save a child
red 'n kind

# 80ste

## JAARVERSLAG

01/04/2015 - 31/03/2016



80 years CMRSC 1936-2016

CMRSC
Ons gee hoop
We give hope

# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| VISIE, MISSIE EN WAARDES | 1 |
| WOORD VAN DIE VOORSITTER | 2 |
| BOODSKAP VAN DIE DIREKTEUR | 3 |
| PROGRAMME VAN HOOP | 4 |
| GESINSBEWARING | 5 |
| KINDERBESKERMING | 6 |
| GEMEENSKAPSONTWIKKELING EN ARMOEDEVERLIGTING | 8 |
| STORIE VAN 'N MAATSKAPLIKE WERKER | 9 |
| 80 JAAR VAN HOOP | MIDDELBLAD |
| BEMARKING EN FONDSWERWING | 12 |
| FINANSIES | 17 |
| DANKIE | 18 |
| GEOGRAFIESE LIGGING VAN KANTORE | 20 |

# GPS NA HOOP

**VISIE**
Die visie van die CMR NOORD is om HOOP te gee aan mense in nood.

**MISSIE**
Die missie is om die voorkeur organisasie te wees wat uniek geposisioneer is om in samewerking met ander rolspelers markverwante maatskaplike diensprogramme te implementeer.

Soedoende kan ons die nood van gesinne en gemeenskappe in hoop omskep.

**WAARDE SISTEEM**
Die waardes van 'n organisasie dien as gedragsriglyne waarbinne die visie en missie uitgevoer word. Die waardes word in die tabel hierrnaas uiteengesit.

# VISIE, MISSIE EN WAARDES

### KOSTE-EFFEKTIEF
Om bestaande hulpbronne maksimaal en kostedoeltreffend aan te wend.

### VERANTWOORDBAAR
Om aanspreeklikheid teenoor kliënte en donateurs met betrekking tot alle handelinge, hetsy dienste of finansies, te aanvaar.

### ONTWIKKELINGSGERIG
Om deurlopend geleenthede daar te stel vir groei en ontwikkeling.

### CHRISTELIKE LEWENS-EN WÊRELDBESKOUING
Die uitlewing van Christelike beginsels met betrekking tot alle handelinge en besluite wat geneem word.

### KWALITEITSGERIG
Om te alle tye 'n diens van hoogstaande gehalte aan begunstigdes en donateurs te lewer.

1936 **Na 1933 droogte en groot depressie, is 'n komitee in elke gemeente gestig om mense in nood by te staan.**

# WOORD VAN DIE VOORSITTER

Wanneer ons as Beheerraad van die CMR Noord nadink oor die hoogtepunte van die afgelope jaar,.is dit baie duidelik dat ons personeel nie teruggedeins het vir uitdagings en aanpassings sodat uitstaande dienste gelewer kon word nie. Vir enige organisasie om vir 80 jaar nie net te bestaan nie, maar steeds aan sy doel te beantwoord , is alreeds n besondere prestasie.

CMR Noord druk sy stempel van Christelike maatskaplike dienste op die reënbooggemeenskap se mense met entoesiasme, professionaliteit en kreatiwiteit deeglik af.

Dikwels word groot uitdagings aan die personeel gestel om met minder middele steeds die standard te handhaaf. Hiervoor ons grootste waardering.

Die afgelope jaar is baie aandag aan strategiese beplanning en personeel aanwending gegee. Hierdie proses is steeds aan die gang. Baie dankie aan almal wat hieraan meegewerk het en dit steeds doen.

Baie dankie aan die donateurs uit die korporatiewe wêreld, die Staat, die Noordelike Sinode van die N.G.Kerk, asook individuele persone. Sonder hierdie spanpoging sou die dienslewering nie kon voortgaan nie.

CMR Noord het weereens daarin geslaag om hoop te bring aan mense. So word die Genade van die Here sigbaar gemaak deur toegewyde personeel.

Die CMR Noord se suksesverhaal wat deur die verdere inligting in hierdie Jaarverslag vertel word, maak ons dankbaar en trots, maar ook nederig, want ons weet dat alles, alles moontlik was deur ons Vader se genade.

**Ds. Johan Van Loggerenberg**




**BEHEERRAADSLEDE:**
Ds. Johan van Loggerenberg (Voorsitter)
Dr. Gerrit Cloete (Ondervoorsitter)
Prof. Leon Brümmer (Lid: Finansies)
Mnr. Jackson Masango (Lid: Regte)
Dr. Des Schoombee (Lid: Menslike Hulpbronne)
Dr. Frikkie du Plooy (Verteenwoordiger: Gauteng)
Ds. Willie Potgieter (Verteenwoordiger: Limpopo)
Ds. Johan Joubert (Verteenwoordiger: Noord-Wes)

1937 **In 1937 het die spens van die Voortrekkergedenksaal as gratis kantoor vir die CMR gedien.**



# BOODSKAP VAN DIE DIREKTEUR

**Vir agt dekades is CMR Noord besig om 'n verskil in mense se nood te maak. Wanneer mens die steierende statistiek lees dat 13.3 % van Suid-Afrikaanse huishoudings gerapporteer het dat hulle minstens een maaltyd in die afgelope jaar moes oorslaan agv armoede, breek 'n mens se hart en weet ek dat die werk wat ons doen waardevol en ononderhandelbaar is en 'n verskil maak.**

Die protea versinnebeeld iets van die moed en durf wat sinoniem is met CMR Noord. Soos 'n protea moes die organisasie oor die afgelope 80 jaar ook brande, droogte en ander aanslae hanteer en afweer. Tog, ten spyte hiervan, het die saad geskiet en op vrugbare grond geval en is letterlik honderde duisende mense aangeraak deur die werk van CMR Noord.

Die CMR Noord staar daagliks baie uitdagings in die gesig, waarvan finansiële oorlewing steeds die grootste uitdaging bly. Daarom is ons so dankbaar teenoor die Here vir elke persoon, maatskappy, kerk en ander donateur wat 'n bydrae maak tot die organisasie se voortbestaan.

Moeder Teresa het die volgende gesê:

*"Let no one ever come to you without leaving better and happier. Be the living expression of God's kindness: kindness in your face, kindness in your eyes, kindness in your smile."*

Ek kan met groot sekerheid sê dat die CMR Noord se personeel streef om juis hierdie waar te maak. Dat mense van ons sal weggaan en iets beleef het van God self. My gebed is dat ons die dienste vir nog 80 jaar sal kan volhou en dat elkeen wat deur ons aangeraak word iets van deernis, omgee en liefde sal ervaar.

**Maryke Venter**
Direkteur

**BESTUURSPAN**

Me. Maryke Venter
(Direkteur)
Me. Petro Fourie
(Bestuurder: Westelike groepering)
Me. Ronel Aylward
(Bestuuder: Sentraal groepering)
Me. Annette van Loggerenberg
(Bestuurder: Noordelike groepering en Kindersentrum)
Me. Rene Pretorius
(Bestuuder: Kinderbeskermingsentrum)
Me. Neo Mashao
(Bestuurder: CMR Soshanguve en VOS Sentrum)
Me. Thea Scheepers
(Bestuuder: Limpopo)
Mnr. Ruben Kitching
(Bestuurder: Noord-Wes)
Me. Christa Voogt
(Bestuuder: Finansies)
Me. Anja le Cornu
(Bestuurder: Bemarking en fondswerwing)

1943 **CMR skenk fietse aan die maatskaplike werkers vir geriefliksheidsonthalwe en sodat hulle by nóg meer families in nood kan uitreik.**

# PROGRAMME VAN HOOP

**GESINSBEWARING**

**KINDERBESKERMING**

**ARMOEDEVERLIGTING EN GEMEENSKAPSONTWIKKELING**

Versterk Gesinne (Gesinsbewaring):
**3636**
gesinne bygestaan met kos en klere

Kinderbeskerming
**924**
kinders deur wettige proses beveilig

Genees Gebrokenheid (Terapie en Assesserings):
**1002** kinders deur CMR Noord Kindersentrum bereik.
**1536** kinders deur ander hulpbronne bereik (ingesluit kunsterapie en mediese intervensie)

Nuwe gesinne (Pleegsorg en Aannemings):
**1000**
gesinne

Armoedeverligting en Gemeenskapsontwikkeling
**3000** gesinne gehelp met kos en klere
Ongeveer **20 000** kinders deur Kinderdagprogramme bereik

**TOTALE BEREIK:**
AANTAL KINDERS:
**26169**
AANTAL VOLWASSENES:
**7478**
TOTAAL:
**33647**

1958 **Kindersorg is verdeel in aannemings en pleegsorg; maatskaplike werkers word voltyds aangestel.**

# GESINSBEWARING

## UIT DIE PEN VAN EEN VAN ONS DONATEURS

Saxeni as 'n besigheid het in hulle akte van oprigting dat ons minderbevoorregtes sal ondersteun, in wat ookal manier ons kan en dit is 'n kwessie baie naby aan die Direksie se harte.

Ons moedig ook ons werkers aan om in hulle gemeenskappe te kyk wie gehelp kan word, dit is die mense naby aan ons en mens moet na hulle kyk.

Ons ondersteuning behels beurse, skenkings borge, ens 'n Mens kan nooit te vriendelik wees nie, en ons diskrimineer ook teen niemand nie.

Van al die organisasies wat ons ondersteun is CMR Noord seker die organisasie vir wie ons die meeste bystand gee.

CMR Noord kan ek sê is die mees passievolle en professionele organisasie "by a long shot ", met wie ons te doen het.

Hulle gholfdae en fondsinsamelingsfunksies is 'n plesier om by te woon. Daar sien ons waar-voor en vir wie hulle sorg met die bydraes.

Anja Le Cornu, ons kontak, is 'n wonderlike mens wie se passie en hart 150% tot die 'Cause' gerig is, en met haar doelgerigte en hardw-erkende span alles so maklik te laat lyk ( en ons weet dit is nie so nie )

Ek wens CMR Noord span alle voorspoed toe, julle is goeie mense

ALL EER AAN ONS SKEPPER VIR WAT ONS HET, EN WAT ONS KAN GEE

**Jan Fourie**
Besturende Direkteur (SAXENI)

*"**A better society** will and must be measured by the happiness and welfare of the children, at once the most vulnerable citizens in any society and the greatest of our treasures."*

*Nelson Mandela's*
*Nobel Peace Prize Acceptance Speech,*
*10 December 1993.*

## WAT IS GESINSBEWARING?

Die samestelling van gesinne asook die wêreld waarin hulle funksioneer. Meer en meer enkelouergesinne bestaan, beide ouers moet werk om die pot aan die kook te hou en tegnologie is maar 'n paar van die uitdagings waarmee gesinne daagliks gekonfronteer word.

Om gesinne te bewaar is die eerste van 3 programme van HOOP binne die CMR Noord dienslewering. DIe program poog om deur middel van verskillende intervensies te verseker dat gesinne bewaar en ondersteun word om die uitdagings van die wêreld te kan hanteer.

**Die Gesinsbewaringsprogram sluit die volgende in:**

- Groepwerk met kinders
- Ouerleiding en terapeutiese groepe met ouers
- Huweliksberading
- Egskeidingsbegeleiding
- Lewensvaardighede
- Traumaberading
- Voorkoming en behandeling van substansmisbruik

# KINDERBESKERMING

**KINDERBESKERMINGSENTRUM (KBS):**
Ons nuutste Sentrum van HOOP!

In April 2015 is die KBS gevestig met 5 maatskaplike werkers wat hoofsaaklik die Gauteng kantore ondersteun met kinderhofondersoeke wat kan lei tot die beveiliging van kinders. Hierdie proses is in ooreenstemming met die Kinderwet en is 'n formele wetlike proses. Hierdie werkers het 300 sake in die jaar hanteer waarby 345 kinders betrokke was.

**CMR NOORD KINDERSENTRUM:**
Die CMR Noord Kindersentrum het ook deur 'n opwindende tyd gegaan. Na meer as 'n dekade het die fasiliteit geskuif vanuit Wesselsstraat in die middestad van Pretoria na die Louis Botha Kinderhuis in Queenswood. Die sentrum het die volgende dienste gelewer:

- Assesserings en terapeutiese dienste (568 kinders bereik)
- Pleegsorgkeuringsdienste (106 pleegsorgkeurings afgehandel)
- Aannemingsdienste (1306 mense bereik)
- Ondersteuning van tienerswangerskappe (Berg-en Dal) (14 tieners het dienste ontvang)
- Plasing van 55 babas in aannemingsorg

## PROSES OM KINDERS TE BEVEILIG:






Die "Optimus Study: Sexual victimisation of children in South Africa" is deur die UBS Optimus Foundation van stapel gestuur.

Statistiek wat in 2016 bekend gemaak is, dui daarop dat ***1 uit 3 kinders, ongeag of hul manlik of vroulik is, voor die ouderdom van 17 aan seksuele mishandeling blootgestel sal word.***

1961 **Gemeentes dra elk 10 sjielings 'n maand by vir die CMR kantore**



## HET JY GEWEET?

- 'n Spesiale pleegsorgwebblad bestaan wat vir pleegouers kan landswyd beskikbaar gestel is. Advies en ondersteuning woord hierdeur gebied.
- Besoek gerus *http://christianfostercaresa.wordpress.com.*
- 'n Pleegouerhandleiding is beskikbaar in Afrikaans en Engels om sodoende pleegouers te bemagtig en toe te rus vir hierdie belangrike taak van 'genesende ouerskap'.
- Indien ouers onopspoorbaar is moet daar in Nasionale koerante geadverteer word voordat 'n kind langtermyn in alternatiewe sorg geplaaskan word.

## PLEEGSORG GEE HOOP

Die CMR was 'n baken van hoop vir my en my suster. Die CMR was daar vir ons gedurende 'n baie donker tyd in ons lewens na die afsterwe van my ma en my pa se opsluiting.

Dit was altyd 'n groot troos om te weet dat hulle altyd daar sou wees om ons te beskerm deur ons verskeie plasings by verskillende familie lede.

Die CMR personeel was altyd opreg en vriendelik; hul objektiwiteit in elke situasie het 'n ongelooflike rol gespeel gedurende tye wat daar kritiese besluite oor ons welstand geneem moes word.

Die CMR het verseker dat die stukkie familie wat ons steeds gehad het behoue gebly het en hulle het ons gehelp om ons verhouding met ons pa te herbou en my en my suster bymekaar gehou.

Hulle het ons van die nodige berading en terapie voorsien en het deurlopend deeglike asseserings van ons omgewing gedoen gedurende hierdie moeilike tyd.

Ek kan nie die CMR en al die personeel genoeg bedank vir dit wat hulle vir kinders en families in nood doen nie. Ons kan net bid dat die CMR die kapasiteit en hulpbronne sal hê om gebroke kinders vir die volgende 80 jaar ook te kan help. Julle RED WERKLIK KINDERS SE LEWENS!

**Bibi Bieldt**
Pleegkind deur CMR Noord geplaas

## STORIE VAN HOOP

'n Gesin word by die Kinderbeskermingsentrum aangemeld. Twee dogters van 15 en 16 onderskeidelik en 'n boetie van 5. Die 15 jarige is gediagnoseer met kanker. Die mamma van die kinders ly aan erge depressie en versorg hulle glad nie. Ouma moet instaan, maar ouma is ook al bejaard en ervaar gesondheidsprobleme.

Na die eerste verskyning in die hof word bevind dat hierdie kinders inderdaad sorgbehoewend is en word hulle in plek van veiligheid geplaas. Die boetie van 5 beleef dit geweldig traumaties, aangesien hy 'n baie sterk band met ouma gevorm het. By die plek van veiligheid huil hy onophoudelik. CMR Noord skakel hom in by 'n spelterapeut. Nou na ongeveer 6 weke, is hierdie kind gelukkig by die plek van veiligheid. Hoewel hy na ouma verlang, sien hy haar gereeld en help die terapeut hom met hanteringsvaardighede.

Hierdie proses is nog aan die begin, maar daar is reeds by al hierdie kinders 'n stuk groei. Die 15 jarige kan fokus op haar behandeling en sonder die negatiewe omgewing wat haar huis geskep het fokus op gesond word.

## BOODSKAP VAN 'N DONATEUR

Eerstens wil ons graag sê:
"Veels geluk CMR! Ons vier saam met jul 80 ongelooflike jare!"

By Fuchs Roux Ing. is ons bevoorreg om al 'n redelike deel van jul reis na hoop saam met jul te kon stap. Ons wens jul al die beste toe in die jare wat voorlê, mag jul aanhou om soveel lewens aan te raak.

Soos ons daagliks huise registreer en kontrakte opstel vir nuwe huwelike, besef ons dat hierdie families moontlik ook eendag deur die CMR bygestaan en ondersteun kan word. Ons is immers almal mens en glad nie immuun teen die aanslae van die wêreld nie.

Dis gerusstellend om te weet dat die CMR daar is en sal wees en ervaar dit as 'n groot seën dat die Hemelse Vader ons in 'n posisie geplaas het om die CMR te kan ondersteun en bystaan.

Ons salueer elke werker van die CMR en die werk wat hul daagliks in kinders se lewens doen. Dankie dat ons hierdie wonderlike reis saam met jul kan meemaak.

Vriendelike groete
**Hannelie van Tonder**
Direkteur: Fuchs Roux Prokureurs

# GEMEENSKAPSONTWIKKELING EN ARMOEDEVERLIGTING

Werkloosheid en inflasie neem toe en daarmee saam neem armoede toe. CMR Noord het dit in die afgelope finansiële jaar baie tasbaar ervaar dat mense se rande net nie meer kan rek om die basiese benodighede te kan bekostig nie.

Een geografiese area wat besonders swaar gekry het oor die afgelope maande is Rustenburg. Die kantoor alleen het meer as 700 mense met kos en ander noodsaaklike middele ondersteun.

CMR Noord poog om deur middel van 'n paar inisiatiewe gesinne te ondersteun.
Vaardigheidsontwikkeling:

- Naaldwerkgroepe en ander handvaardigheid.
- Materiële ondersteuning deur middel van kospakkies en klere (ongeveer 3000 mense is hierdeur bereik)
- Bewusmakingsveldtogte: Kinderbeskermingsweek en 16 dae van Aktivisme teen geweld teen vroue en kinders (bykans 20 000 mense is hierdeur bereik)
- Betrokkenheid by en bestuur van Voorskoolse Ontwikkelingsprogramme

**Ons gee ook om vir die natuur, nie net vir mekaar.**



Op 23 September 2015 het CMR Pretoria-Wes saam in venootskap met studente van UP se Departement van Landbou en Tshwane Munisipaliteit Boomplantdag gevier by 2 laerskole in Lotus Gardens. 900 kinders was deel van die dag en dit het die kollig geplaas op die belangrikheid daarvan om die omgewing en die natuur op te pas.

1962 **Begin projekte saam met UP studente soos "Weerbaar soos 'n Viking".**

# SY HET NIE OPGEKYK NIE

## Storie van 'n maatskaplike werker

Sy het nie opgekyk nie. Iewers tussen die dun haartjies wat oor haar wange val het ek my verbeel ek hoor 'n "Môre". Ek het ook afgekyk en dadelik die blou plakkies en die toonnaels gesien. Hulle was lank en vuil en baie lank terug rooi geverf; seker toe sy op 'n dag nog opgekyk het en tog ook mooi wou wees.

Soos wat maatskaplike werkers se gewoonte nou is vra ek "waarmee help ek jou?". Ek merk op dat sy so moedeloos en reddeloos lyk. Hierdie lyf kon Sy is net sowel aan 'n twaalfjarige seun behoort het. maer en het geen kurwes nie. Vir 'n oomblik sit sy net, dan... "met als" Dan kyk sy op en die mooiste blou oë kyk in jou eie bloues. Dan weet jy, daar is iets wat jou motiveer om hierdie vrou weer te laat glo en dalk , net dalkies, te laat lag.

Die verhaal het jy al voorheen gehoor, maar die ongelooflike ellende wat hier vertel word laat jou saggies bid dat jy hier 'n verskil sal maak. Sy wys met haar vellerige armpie hoe klein haar jongste kind was toe die "welsyn" hulle kom vat het. "My man het ons verniel, vir my en die kinders. Ek moet hulle besoek, ek kan nie daar uitkom nie. Ek maak die Indiër man se huis skoon en was die wasgoed en dan kan ek eet". Sy vertel van "die man" asof ek hom ken.

Met snikke en en moedelose gebare vertel sy waar die kinders is, sy wys weereens "mevrou hy was net so groot" en die arm wys omtrent heuphoogte.

Reëlings is getref, tuisbesoeke gedoen en toe die dag aanbreek om haar Kinderhuis toe te neem is sy vroegmôre by die kantoor. Sy het haar "bestes" aan wat lankal nie meer die beste moet wees nie.

Sy is stil, dan sien sy die heuphoogte seun wat byna so lank soos sy geraak het, sy is steeds stom, maar bly net prewel "My baba". Sy maak haar handsak oop en haal .n pakkie malvalekkers uit. Dan doen sy dit: Sy voer haar baba en snaaks genoeg laat hy dit toe. Ek besef hierdie vrou is so getraumatiseer dat haar lewe gaan stil staan het die dag toe die kind uit haar sorg verwyder is. Sy sien hierdie seun steeds as 'n kleuter.

Intensiewe dienste word gelewer, heuphoogte kind kom tuis kuier, mevrou blom, leen 'n bak by die buurvrou en maak 'n broodpoeding, die blou oë kyk nou heel dikwels boontoe. Sy sit 'n potplant op haar kombuistafel.

En dan... twee dae voor Kersfees daag sy by die kantoor op. Lemoen oranje geplooide romp, seun aan die hand en sy lag met haar bloues in myne. "Ek het vir jou 'n present gebring. Maak oop, dit is 'n "kite", want jy het my weer laat vlieg".

Daar staan hierdie maatskaplike werker en ek hou hierdie besondere geskenk teen my hart vas en ek weet ongeag die happe uit jou lyf is dit hierdie oomblikke wat alles die moeite werd maak. Toe ek laatmiddag saam met my seun hierdie vlieër , al is dit plastiek, hoog in die lug laat opgaan sê ek "Dit is vir jou, ma met die kind, wat heel waarskynlik nooit gaan groot word in jou oë nie en dankie dat jy my laat glo in wat ek doen."

**Karen du Toit**
Maatskaplike werker:
CMR Warmbad

1972 **Eerste werker vir bejaardesorg aangestel.**

**1936**

Na 1933 droogte en groot depressie, is 'n Skakelkomitee in elke gemeente gestig.

**1937**

CMR is registered as a welfare organisation. In 1937 het die spens van die Voortrekkergedenksaal as gratis kantoor vir die CMR gedien.

**1943**

A secretary is appointed full-time.

**1950**

CMR skenk fietse aan die maatskaplike werkers vir gerieflikheidsonthalwe en sodat hulle by nóg meer families in nood kan uitreik. CMR is registered as a Childcare Association.

**1958**

Kindersorg is verdeel in aannemings en pleegsorg; maatskaplike werkers word voltyds aangestel. Berg en Dal's services for teenage pregnancy management are delivered.

**1959**

'n Kliniese sielkundige is aangestel om alkoholiste te rehabiliteer.

**1961**

As gevolg van veranderinge binne kerklike struktuur is CMR alleen verantwoordelik vir Noord Transvaal

PRET FEIT – Intussen is verskeie tipes projekte (soos "Weerbaar soos 'n Viking") in samewerking met UP studente behartig.

**1965**

A worker is appointed for re-unification services.

**1972**

'n Werker is aangestel vir bejaardesorg.

**1974**

'n Pastorale sielkundige word aangestel.

**1983**

Die Wet op Kindersorg is opgestel en tree in 1987 in werkingwerking.

**1986**

CMR Pretoria celebrates their 50th anniversary.

**1993**

CMR kantore verhuis vanaf die NG Kerk se Sinodale Sentrum na Malanstraat, Riviera

**1995**

The first African social worker is appointed and CMR Soshanguve is established.

**1996**

CMR vier 60 jaar van HOOP versprei en liefde gee.

**2000**

TUKS RAG donates a mobile unit to make social work more readily available to clients.

**2001**

CMR Noord is geregistreer as 'n Art 21 Maatskappy en 'n NPO.

**2005**

Die Kinderwet word opgestel en tree in werking in 2010.

**2007**

'n Total of 5885 families and 36 015 individuals in need receive family protection services.
'n Kersfunksie word vir 150 minderbevoorregte kinders gehou waar genoeg geld ingesamel is om skryfbehoeftes aan te koop vir hul 2008 skooljaar.

**2009**

CMR Roodeplaat's sewing project turns into an income generating and skills training opportunity. Die Rotariërklub skenk 400 komberse as deel van die Winterhoop-projek.
CMR receives funds from USAID via the PEPFAR programme – services focus on children affected by HIV/AIDS.

**2011**

CMR se familiebewaringsdienste help 4013 families in nood teen die einde van hierdie jaar.
The Save-A-Child project brings a total of 651 children to safety with the help of the Children's Court.
Kospakkies word weekliks aan 300 families afgelewer en meer as 3000 komberse word gedurende die wintermaande uitgedeel.

**2014**

A total of 57 abandoned babies found loving homes.

**2016**

CMR Noord make gereed om 80 jaar van HOOP te vier!

# BEMARKING EN FONDSWERWING

## 6 DE JAARLIKSE RED-'N-KIND GHOLFDAG TE WINGATE GHOLFBAAN 26 AUG 2015

Die CMR wil graag weereens alle spelers, borge en organiseerders van hierdie dag bedank. Die Red-'n-Kind fonds baat soveel by die oop harte en beursies wat elke jaar die dag so ondersteun.

Spesiale dank aan ons hoofborg Mnr Gert Marx (Willbatt Products) asook aan mede borge Multichoice en MITEK. Ons organisasie sal werklik nie soveel kinders in nood se lewens kon aanraak sonder jul hulp en ondersteuning nie.

Jul is werklik **KAMPIOENE!**








## BOODSKAP VAN 'N DONATEUR

"Die onreg wat aan kinders gedoen en die uitdagings waaraan hulle blootgestel word, is in vandag se samelewing 'n groot krisis. As persoon is my bydrae maar 'n druppel in die emmer en as besigheid kan die bydrae wat ons maak, nie beter gekanaliseer word as deur die CMR nie. Hul ondersteuning en totale verbintenis tot die kinders van ons land, om hul by te staan om 'n nuwe stabiele lewe te begin, is voorwaar prysenswaardig. Instansies soos die CMR gee mens weer hoop vir die toekoms."

**Johan Sadie**
COO BullionIT



1983 **Die Kinderwet is opgestel en tree in 1987 in werking.**

# KINDERBESKERMINGSWEEK 2015




Webber Wentzel Prokureurs het R10 000 bygedra tot die CMR Noord se Kindersberskermingsweek-aktiwiteite. Maatskaplike werkers kon tydens hierdie week verskeie skole besoek en kinders inlig oor hul regte. Elke kind het 'n borsspeld en groen linte ontvang om hulle aan die boodskap te herinner.

Die temas wat tydens die week aangeraak was:

- Die reg om lief te hê
- Die reg tot mediese sorg
- Die reg tot onderrig
- Die reg tot 'n veilige omgewing/tuiste

**WEBBER WENTZEL**
in alliance with > Linklaters







## EERSTE JAARLIKSE WYNVEILING @ MONTE DE DIOS 22 JUNIE 2015

CMR Noord wil graag baie dankie sê aan elkeen wat hard gewerk het om die ons eerste Wynveiling 'n sukses te maak. Dankie vir oop hande en die bereidwilligheid om te belê in die toekoms van ons kinders. Dankie aan almal wat so hard gewerk het om die aand 'n sukses te maak en vir al ons kopers! 'n Spesiale dank aan Dr Werner Roux van "GOOSE WINES", ons hoofborg, asook aan Monte De Dios mede borg en pragtige plek!








# BEMARKING EN FONDSWERWING

## "LAAT DAAR LIG WEES" KERSPROJEK 2015

Die doel van die "Laat daar Lig Wees" Kersprojek is om die wonderlike gevoel van liefde te deel met behoeftige gesinne en kinders in ons gemeenskap,asook om weer HOOP te gee vir die Nuwe Jaar wat voorlê. Dankie aan almal wat elke kind se wens waar gemaak het met al die pragtige geskenkies. Baie dankie ook vir gesinne wat 'n spesiale kospakkie gekry het .






## DAMESTEE 2015 HIGH TEA BLACK & WHITE 22 AUG 2015

**Monte de Dios**

Wat 'n voorreg om betrokke te wees met 'n organisasie waar ons in liefde en deernis kan teruggee.

Dames het van heinde en verre gekom om ons jaarlikse Damestee te Monte de Dios by te woon. Daar was 'n opgewondenheid in die lug. Die tema was High Tee Black &White. Die dames het behoorlik hulle tande en teekoppies geslyp vir hierdie geleentheid.

Daar was nie minder as 43 Tafels verkoop met gasvroue uit die boontste rakke. Elke tafel was versier met die pragtigste teekoppie en teepot rangskikkings. Ons gaste het groot gegaan. Ons gaskunstenaars was Carindé van Schalkwyk en ons seremoniemeester, Riva Schoeman. Ons het ook die pragtige dames van Con Grazia gehad om ons in 'n Diva stemming te kry.

Dit was 'n oggend van trane, lag en plesier. Elke dame het soos oudergewoonte haar koppie vol pitkos gekry en die oggend op 'n huppel terug huis toe geneem.





Dit was weereens 'n voorreg om saam met my span te werk, wat so 'n pragtige oggend 'n groot sukses te gemaak het. Sien julle volgende jaar!

**Nannette Hennop**
Aanneemouer Aksiekomitee




## 80STE FEESVIERINGE 22 MAART 2016

CMR Noord vier vanjaar hul 80ste bestaansjaar.

Die pad vorentoe is 'n lang een. En al wat jy saamvat is 'n sak vol moed, jou Bybel en 'n groot handvol genade. O, en 'n anker, of reisgenoot. Iemand wie jy weet die langpad saam met jou sal stap. Al die pad. 'n Bitter spesiale iemand wie die reis korter en minder uitputtend sal laat voel. Dis iemand wie jou sal aanhuts as jy te stadig stap en wie ook sal vastrap as jy jouself te veel óf te ver druk, en die lewe forseer om te gebeur.

Ondersteuning is belangrik. En ja, 'n reisgenoot bied jou daardie 'iets' meer wat nie sommer enigiemand anders kan nie: wysheid. En daarom ook krag. Jou iemand ken jou dikwels beter as wat jy jouself ken, en is daartoe in staat om jou te dra in die rigting van jou drome wanneer jy swak voel en nie helder dink nie.

Hy of sy moet kan rigting aanwys as jy sou verdwaal, maar ook die moed hê om te stop en vir aanwysings te vra. Hy of sy moet sterk wees – eintlik heelwat sterker as wat jy self is. Hoekom? Want hy of sy gaan jou soms moet dra as die pad te swaar raak.
Die waarheid is immers dat jy nie jou vennoot kies nie... Hy of sy word VIR jou gekies deur 'n hoër Hand, 'n sterker Gees, 'n wyser Siel. Die Here is in beheer hiervan – Hy gaan jou spesiale vennoot tot by jou lei en oor jou lewenspad stuur. En soms is die vennoot se eerste treë tot by jou eintlik die eerste deel van die lang pad.

Net soos jou eie iemand, het die CMR ook een (en selfs meer!) wat met sorg deur n hoër Hand uitgekies is – 'n sterker Gees, 'n wyser Siel. Die CMR Noord se reis van 80 jaar wat steeds gestap word om nóg meer jare te haal, dien as bewys dat daar groot waarde lê in ons Godgegewe netwerk van ondersteuning. Elkeen van ons borge en donateurs stel ons daartoe in staat om die werk wat ons verrig met moed te betree – elke keer. Ons projekte is die klein paadjies wat deel uitmaak van die groter reis wat ons by 'n bestemming van, wel, HOOP uitbring. En een wat sommer baie hoop GEE, natuurlik!

Hierdie jaar, vier die CMR Noord veral elke nuwe hoofstuk wat behaal is met die hulp van ons bron(ne) van krag, inspirasie en geloof. Ons het die glimlagte gesien wat wat met elke mylpaal gepaardgaan. Mag ons vorentoe Sy aanwysings bly volg met oop oë en harte, en vertrou dat Hy ons lei met elke gids, elke anker, elke seëning. Hulle kom verseker op die mees perfekte tyd oor ons pad!

**Anja Le Cornu**
Bestuurder: Bemarking en Fondswerwing



1993 **CMR kantore verhuis vanaf die NG Kerk se Sinodale Sentrum in Riviera, Pretoria.**



# BEMARKING EN FONDSWERWING



**BOODSKAP VAN ONS BESKERMVROU**

Wat 'n ontsettende groot eer om deel te wees van 'n fantastiese organisasie soos CMR Noord. Ek is geseën om een van CMR Noord se Beskermvrouens te wees. CMR Noord staan vir absoluut alles waarin ek glo en hulle werk is vir my so kosbaar, so belangrik en so na aan die hart.

*'n Kindjie is weerloos, afhanklik, onskuldig en geskenkies van ons Hemelse Vader. Daarom gaan dit 'n mens se verstand te bowe dat daar kindertjies weggegooi, gemartel, mishandel en misken word. Tog moet ons onder geen illusie verkeer dat dit nie gebeur nie. Dit gebeur... Daagliks. Om ons, hier in Pretoria ook, onder ons neuse.*

Omdat ek self 'n ma is, besef ek maar te goed die behoeftes van 'n kindjie, emosioneel sowel as finansieel. Kan jy vir een oomblik dink waar sou hierdie kindertjies gewees het sonder 'n organisasie soos die CMR Noord, wat onverpoosd en met die grootste toewyding en volharding omsien na soveel van hierdie klein mensies? CMR Noord red letterlik lewens. Elke dag.


Indien daar nie fondse is nie, wat soms ongelukkig die geval is, is hierdie wonder mense nie gestuit nie. Nee, CMR Noord maak 'n plan! Hetsy 'n gholfdag – wat hulle terloops vinnig vinnig volmaak – of 'n deftige dames oggend waar almal hulle gate uit geniet, of 'n wynveiling... 'n Plan word altyd gemaak om fondse in te samel vir hierdie edele saak. CMR Noord is gebaseer op Christelike Waardes, en daarom glo ek, dat die Hand van die Here in hierdie saak is en dat die CMR Noord altyd ryklik geseën sal word.

Ek weet verseker dat ek altyd deel wil wees van CMR Noord. Jy kan met 'n geruste hart hierdie organisasie ondersteun. Jy kan verseker weet dat jou bydrae altyd goed en opreg aangewend sal word en ingeploeg sal word in 'n kind se lewe wat dit regtig egtig nodig het. Ek kan net met nederigheid hier staan en sê: "Dankie CMR Noord, dankie." En tog voel "Dankie" nie genoeg nie. Ek salueer julle CMR Noord!


**Riva Schoeman**
GrootFM aanbieder

# FINANSIES


**Bronne van Inkomste: CMR Noord**
(Bestuur en Kindersentrum)




**Bronne van Inkomste: CMRADE**
(Gauteng, Limpopo en Noord-Wes)




**Bronne van Inkomste:**
Opsomming van Diagram 1 en 2



# DANKIE

*Wanneer ons terugkyk op die afgelope jaar en die lewens waarin CMR Noord HOOP gebring het, kan ons nie anders as om* ***dankie, dankie, dankie te sê nie!***

GO TEAM
CREATIVE BUSINESS SOLUTIONS

social development
Department:
Social Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA


- Alle dank en eer aan die Here wat ten spyte van ons ongeloof, so baie keer, ons verras met genade en seën sonder perke.
- Aan die CMR Noord beheerraad, wat met wysheid en toegewydheid saam met die organisasie 'n pad stap – dankie!
- Dankie aan elke CMRaad wat die dienste in 17 gemeenskappe oor 3 provinsies moontlik maak.
- Dankie aan elke personeellid binne die CMR sisteem. Julle is die hande en voete wat met soveel deernis en toewyding die eerste linie is wat HOOP in mense se lewens bring.
- Baie dankie aan die Noordelike Sinode van die NG Kerk wat ons al 80 jaar ondersteun en dra.
- Aan elke vrywilliger wat ons ondersteun: Baie dankie!
- Dankie aan die volgende vennote:
  - Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
  - Beeld Kinderfonds
  - GO Team vir al ons media en reklamewerk
  - SAPD
  - Kinderhof (Departement van Justisie)
  - Inividuele en korporatiewe donateurs

2001 **CMR Noord is geregistreer as 'n Art 21 Maatskappy en 'n NPO.**



ALLE DANK EN EER AAN DIE HERE WAT TEN SPYTE VAN ONS ONGELOOF, SO BAIE KEER, ONS VERRAS MET GENADE EN SEËN SONDER PERKE.

# CMR Noord in samewerking met Gebiedskantore



# GEOGRAFIESE LIGGING VAN KANTORE

| KANTOOR: | TELEFOONNOMMER: | E-POS: |
|---|---|---|
| **Gauteng:** | | |
| Hoofkantoor | 012 460 9272 | cmr@cmrn.co.za |
| Kindersentrum | 012 333 0421 | kinders@cmrn.co.za |
| Kinderbeskermingsentrum | 012 386 1056 | manager1@cmrn.co.za |
| Daspoort | 012 379 5860 | daspoort@cmrn.co.za |
| Derdepoort | 012 800 4866 | derdepoort@cmrn.co.za |
| Moot | 012 331 3644 | moot@cmrn.co.za |
| Pretoria-Noord | 012 546 0650 | ptanoord@cmrn.co.za |
| Pretoria-Sentraal: | | |
| • Vos Gemeenskapsentrum | 012 341 2318 | |
| • Lynnwood | 012 348 0003 | sentraal@cmrn.co.za |
| Pretoria-Wes | 012 386 1049 | ptawes@cmrn.co.za |
| Roodeplaat | 012 808 1455 | roodeplaat@cmrn.co.za |
| Soshanguve | 012 799 3887 | sosh@cmrn.co.za |
| Valhalla | 012 660 2366 | valhalla@cmrn.co.za |
| Wonderboom | 012 567 4551 | wonderb@cmrn.co.za |
| **Limpopo:** | | |
| Louis Trichardt | 015 516 5115 | louistrichardt@cmrn.co.za |
| Messina (Musina) | 015 534 0245 | messina@cmrn.co.za |
| Pietersburg (Polokwane) | 015 297 3858 | limpopo@cmrn.co.za |
| Warmbad (Bela Bela) | 014 736 2557 | cmrwarmbad@cmrw.co.za |
| **Noord-Wes:** | | |
| Brits | 012 252 3207 | britscmr@telkomsa.net |
| Rustenburg | 014 592 0455 | cmr@cmrrust.co.za |

2009 **Die CMR Roodeplaat naaldwerkprojek genereer inkomste en skep vaardigheidsopleiding-geleenthede.**

# KONTAK ONS

Ons gee hoop
We give hope

- /cmrnoord
- /saveachildproject
- @CMR_Noord
- http://christianfostercaresa.wordpress.com
- http://youtube/X9m1kbjRfh8
- www.cmrn.co.za

Skandeer asseblief met 'n QR-kode leser om pragtige stories van hoop te ontdek.

**Adres:** Posbus 2037, Groenkloof, 0027 | **Tel:** (012) 460 9272/3/4 | **Faks:** (012) 460 8531
**Fax2mail:** 086 524 4589 | **Epos:** cmr@cmrn.co.za | **www.cmrn.co.za**

NPO Reg no. 015-917